# DIE SKIETLOOD

240e Uitgawe 18 Julie 2025
saam met Koersvas 240

Koersvas en Die Skietlood is die mondstukke van die GHG. Standpunte in *Die Skietlood* is nie noodwendig die standpunt van die GHG nie.

## HEIDELBERGSE KATEGISMUS

**Teks**

**Vraag 8: Is ons so verdorwe dat ons glad nie in staat is om iets goeds te doen nie en tot alle kwaad geneig is?**

**Antwoord: Ja** (*Genesis 8:21 "Die Here het die offer aanvaar en Hy het by Homself gesê: "Ek sal nie weer so 'n ramp oor die aarde laat kom vanweë die mens nie. <u>Van sy jeug af bedink die mens net slegte dinge</u>, maar Ek sal nie weer al wat lewe laat omkom soos Ek gedoen het nie." Genesis 6:5 " Toe die Here sien hoe groot die verdorwenheid van die mens op aarde is en dat hy sy lewe lank net slegte dinge bedink," Job 14:4 "Wie kan rein uit onrein laat voortkom? Niemand nie!"; Job 15:14 "Hoe kan 'n mens rein wees? Hoe kan 'n sterfling onskuldig wees? 16 hoeveel minder 'n onrein, verdorwe mens wat boosheid indrink soos water? 35 Dit is hulle wat swanger is van die kwaad, wat onreg voortbring en aan bedrog die lewe skenk."; Johannes 3:6 "Wat uit die mens gebore is, is mens; en wat uit die Gees gebore is, is gees."; Jesaja 53:6 "Ons het almal gedwaal soos skape, ons het elkeen sy eie pad geloop, maar die Here het ons almal se sonde op hom laat afkom."*), **behalwe as ons deur die Gees van God weergebore word** (*Johannes 3:3 "Daarop sê Jesus vir hom: "Dít verseker Ek jou: As iemand nie opnuut gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie. 5 Jesus het geantwoord: "Dit verseker Ek jou: As iemand nie uit water en Gees gebore word nie, kan hy nie in die koninkryk van God kom nie"; 1 Korintiërs 12:3 "Daarom wil ek hê julle moet weet dat iemand wat sê: "Vervloek is Jesus", nie deur die Gees van God praat nie; en niemand kan sê: "Jesus is die Here" nie, behalwe deur die Heilige Gees."; 2 Korintiërs 3:5 "Uit onsself is ons nie in staat om iets te bedink asof dit uit onsself kom nie. Ons bekwaamheid kom van God"*).

### Kommentaar – Vraag

Die mens se vrye wil om te kan kies, om God te gehoorsaam en die goeie te doen, is direk gekoppel aan die ellende van die mens. Ten diepste is hierdie vraag gerig op die vraag na die mens en sy vryheid van wil - die spektrum van keuses wat die mens kan en mag maak. Vryheid van wil is sekerlik 'n relatiewe konsep. Die vraag na vry tot of vry van verwys na 'n buite-standaard. Ons vryheid is relatief tot die ideale toestand in die tuin van Eden. Wat was die ideale aard van die mens voor die sondeval? Kan die mens op eie stoom weer uitkom by daardie ideale situasie, sonder om staat te maak op die genade van die Here?

### Kommentaar – Antwoord

Pelagius en die aanhangers van sy dwaling antwoord daarop met 'n positiewe ja; die mens kan kies en kan uit eie keuse op grond van eie wilskrag, gered word.

Die Bybel se antwoord is negatief. Daar is geen mens, geen menslike raadsplan, geen menslike verdienste of inspan van eie wil wat kan lei tot saligheid nie. In dieselfde asem is dit duidelik dat die mens tog kan kies. Hoe dan nou?

Die komplekse aard van die woord 'vryheid' noop ons om 'n uitgebreide antwoord te gee. Die versoeking om filosofies met die konsep 'vryheid' om te gaan, moet vermy word. Daar is al volumes geskrywe binne die filosofie oor juis 'vryheid'.

Vryheid kan verwys na 'n verhouding, 'n reg, 'n magsposisie of iets dergeliks. Hierdie vryheid is dan afgestem op die genot van iets of die gebruik van iets

sonder vrees of hindernis. Die eerste verstaan van vryheid kan gesien word as die gebrek aan beheer en voorskrifte wat mense inperk. Om nie ‘n slaaf te wees nie, om in ‘n land te lewe waar die staat nie outokraties en voorskriftelik is nie, kan gesien word as vryheid. In dieselfde sin is dit die vry wees van goddelike oordeel op grond van Sy genade in Christus omdat ons in geloof geregverdig is. Hierdie vryheid is nie gekoppel aan die wil van die mens nie.

Vryheid van wil verwys ook na ‘n toestand waar keuses sonder hindernis gemaak kan word. Hierdie vryheid verwys na aksies en die keuse om iets te doen of nie te doen nie. Die mens moet self die saak deurdink en dan die keuse maak. Hierdie vryheid sluit in die inwin van advies en raad in die oorweging van die finale keuse wat gemaak word.

Vrye wil is eers waarlik vry wanneer alle faktore wat inspeel, in berekening gebring word. Dit is in deeglike oorweging van alle faktore, wat die regte keuses gemaak word.

Om die regte keuse te maak, moet jy die situasie verstaan. Hoe groter die begrip, hoe beter die keuse. Met al die inligting en die beste raad denkbaar, maar sonder begrip van die situasie is dit nie moontlik om reg te kies nie. God ken alles en verstaan alles, daarom is Sy keuse altyd goed. Die mens verstaan min tot niks. Sonder volle begrip maak die mens dan keuses wat katastrofies is. In hierdie lig is dit duidelik dat die mens absolute vrye wil het, maar minimale begrip het. Vrye wil sonder begrip lei derhalwe tot verkeerde keuses. Die ironie dat die mens van die boom van kennis geëet het, is aangrypend. Al die kennis in die wêreld sonder begrip, is futiel. Kyk maar na spesialiste in enige veld wat alles weet oor ‘n saak, maar etiese keuses maak wat deur ‘n kind as verkeerd geoordeel kan word. Dit is nie binne ons vermoë om alles so te verstaan en te ken dat ons goeie keuses kan maak nie. Die woord vir sonde is verwant aan die teiken mis. Sonder begrip weet ons nie wat of waar die teiken is nie.

God is die een wat bo alles en almal verhewe is, Sy wil en vryheid is absoluut juis omdat Hy op geen manier ingeperk is nie. Ons het vrye wil, maar ons aksies word ook ingeperk en mede-bepaal deur ons konteks en omstandighede. Ons tydgebonde en konteks gebonde bestaan is met ander woorde nog ‘n rede vir die stelling dat ons vrye wil en keuse het, maar dit nie reg kan toepas nie.

God se wil is ewig, Sy raadsplan staan vas. Die mens se wil en beplanning verander soos sy konteks en ouderdom verander. Man en vrou se wil verskil, ook weens hul man- of vrouwees. Dit beteken dat vrye wil relatief is tot verskeie veranderlikhede soos onder andere geslag, ouderdom en situasie.

‘n Vreemde beswaar wat soms geopper word is dat God eintlik nie vrye wil het nie omdat Sy raadsplan nie verander nie. Die beswaar het ‘n verkeerde vertrekpunt. God se wil vrye wil is nie onderhewig aan veranderende konteks of situasies nie. God se besluit is ewig omdat Hy alles weet. Die mens se planne en wil verander soos die situasie verander. Dit is juis die bewys dat God se wil waarlik vrye is, maar die mens se wil veranderlik en veranderend is.

Die menslike vrye wil sal volgende keer in Die Skietlood verder ondersoek word.